

24 September

Skrifgedeelte: Handeling 26:19-32
Fokusgedeelte: Handeling 26:22, 23 (1983=vertaling)

Leer by ander om te getuig dat Jesus moes ly en uit die dood opstaan

Van kleins af hoor en leer ons hoe ouers, medegelowiges van die magtige dade van God getuig. Ons leer Hom ken en liefhê. So het Paulus ook uit die profete en Moses (wet) geleer. Baie Jode wou egter nie 'n lydende Messias ken nie. Hulle wou niks van die opstanding weet nie (4:2).

Paulus was eers 'n teëstander van Jesus. Op 'n wonderbaarlike wyse het God in sy lewe ingegryp. In sy verweer lê hy klem op sy wonderbare bekering, op pad na Damaskus, terwyl hy besig was om die volgelinge van Jesus te vervolg. Sy persoonlike ontmoeting met Jesus het sy lewensrigting verander. Deur sy Gees het Jesus hom innerlik omgekeer sodat hy 'n volgeling, 'n getuie, vir Hom geword het. Omdat God hom bewaar het, staan hy as getuie voor almal. Hy verkondig waarvan die profete en Moses gepraat het. Paulus staan tereg omdat hy sy hoop op die belofte, wat God aan sy voorvaders gemaak het, gevestig het. Hy het die belofte en hoop vervul.

Die verwagte Messias het gekom. Sy verskyning beantwoord aan die belofte. Hy het uit die dood opgestaan. So roep Paulus heidene tot bekering. Hulle wil en gesindheid moet verander, sodat hulle tot God terugkeer. Hulle moes omkeer soos hy; wegdraai van die duisternis tot die lig (vs 18).

Paulus se doel (in sy verhoor) was om ook Agrippa se hart vir Christus te wen. As getuie wou hy vir Agrippa tot 'n beslissing bring. Agrippa verset hom egter. Hy wil nie innerlik verander nie. Hy wil nie luister na dit wat hy nie kan verstaan nie. Sy lewe bly onaangeraak, omdat sy wil teen Paulus se getuienis kies.

Selfinkeer, innerlike omkeer en gedragsverandering kan alleenlik plaasvind wanneer die Heilige Gees die wedergeboorte bewerk. Wees getuies van/vir Jesus!

Sing: Psalm 128:1 ,2 (1936)

Ds. WP (Willem) van der Merwe (Queenstown/Dordrecht)